2 Soek Sy aangesig deur vir *persoonlike* herlewing te bid (5 min)

Vra jouself die volgende vrae:

1. Is daar onbelyde sonde in my lewe?
2. Het ek onvergewensgesindheid en bitterheid in my lewe?
3. Is daar enige twyfelagtige praktyke of aktiwiteite in my lewe?
4. Gehoorsaam ek die Heilige Gees dadelik in alle dinge?
5. Bely ek Jesus onbeskaamd?

3 Soek Sy aangesig namens ongeredde *familie*, vriende of individue (5 min)

1. _____ 4. _____
2. _____ 5. _____
3. _____

1. Vir die herstel van gesinsverhoudings.
2. Vir redding van gesinslede, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes - gesondheid, voorsiening en beskerming.
3. Dat mans sterk standpunt sal inneem teenoor die mishandeling en uitbuiting van vrouens en kinders.
4. Dat egpare gewillig sal wees om hulle te verbind tot die herstel van gebroke huwelike.
5. Bid dat ouers hul kinders met wysheid sal groot-maak en dat kinders hulle ouers sal eer. Ef.6 v 1-4)

4 Soek Sy aangesig sodat Sy heerlikheid deur die *kerk* sigbaar sal word (5 min)

1. _____ 4. _____
2. _____ 5. _____
3. _____

1. Dat gemeentes herstel sal word as huise van gebed vir al die nasies (Jes.56 v 7;Matt.21 v13)
2. Dat gemeentes die Groot Opdrag sal uitvoer - om die Evangelie aan alle nasies te bring (Matt.28 v 18-20)
3. Dat gemeentes die Groot Gebod sal uitleef - dat hulle op relevante wyse na hul gemeenskap sal uitreik met dade wat getuig van liefde en meegevoel (Matt. 22 v 37- 40)
4. Vir herlewing en die redding van siele.
5. Dat die kerk Woord-getrou sal wees.
6. Vir die herstel van verhoudings binne gemeentes en ook tussen plaaslike gemeentes: uitwissing van verdeeldheid, trots en jaloesie.
7. Dat die kerk sy verantwoordelikheid sal nakom om 'n duidelike profetiese en Woord-getroue raadgewer vir die regering te wees.

5 Soek Sy aangesig vir *Besigheid* (Korporatiewe, Privaat, Professioneel Klein en Informeel) (5 min)

1. _____ 4. _____
2. _____ 5. _____
3. _____

1. Dat werkgewers, eienaars en entrepreneurs suksesvol sal wees in goeie dienslewering en werkskepping.
2. Dat etiese besigheidpraktykte nagevolg sal word - deur die afkeur van die aanvaarding of aanbieding van omkoop-
   geld; deur belasting te betaal; deur regverdige salarisse en lone te betaal.
3. Dat 'n klimaat van integriteit geskep sal word tussen werkgewer en werknemer en besighede en kliënte.
4. Dat besigheid betrokke sal raak in die uitwissing van sistemiese armoede.
5. Vir die suksesvolle beplanning en uitvoering van besigheidsprojekte soos Coega e.a.

6 Soek Sy aangesig vir *Onderwys* (5 min)

1. _____ 4. _____
2. _____ 5. _____
3. _____

1. Vir onderwysers om die eise van die onderwys professioneel, entoesiasties en suksesvol te hanteer deur goeie rolmodelle te wees.
2. Vir die effektiewe voorsiening van hulpmiddels aan skole deur die Departement en die beskerming van alle eiendom.
3. Vir die redding van leerders en vir Christen leerders om te volhard in hulle Christenskap deur 'n voorbeeld te wees van akademiese en morele standaarde.
4. Vir bendegeweld, geweld in die algemeen en dwelm-handel op skoolterreine om te stop.
5. Vir 'n gesonde, gebalanseerde leefstyl vir ons leerders.

7 Soek Sy aangesig deur die *Woord* te bid (5 min)

Begin deur stelselmatig deur die Psalms te bid. Lees en bid elke keer deur 2-3 Psalms.

8 Soek Sy aangesig deur te *waak en te luister* (5 min)

Vra dat die Here nuwe insigte aan jou sal bekendmaak, dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let.Vra dat Hy Sy wil en sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor.

9 Soek Sy aangesig deur te bid vir *deurbrake* ten opsigte van die volgende sake in Nelson Mandela Baai (5 min)

1. Die MIV/VIGS pandemie en onsedelikheid, perversiteit en prostitusie.
2. Vooroordele veral in die areas van rassime en seksisme.
3. Misdaad en geweld.
4. Vir die kunste en media in ons stad om God te verheerlik.
5. Vra vergifnis vir afgodediens, toordery, bloed-vergieting, immoraliteit en verbreekte verbonde

10 10. Soek sy aangesig vir *geestelike leiers en leiers* in die werkplek (5 min)

1. _____
2. _____